GAUTENG
LEGISLATURE
Your View — Our Vision



**Hon. Refiloe Kekana**
*CHAIRPERSON: Portfolio Committee on Environment, Agriculture and Rural Development (EARD)*

# DIE GPW NOOI DIE PUBLIEK OM KOMMENTAAR TE LEWER OOR DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP LANDBOUPRODUK-STANDAARDE [B15B—2021]

**Die Gautengse Provinsiale Wetgewer se portefeuljekomitee oor die omgewing landbou en landelike ontwikkeling (EARD) nooi alle belanghebbendes en belangstellende individue om kommentaar op die Wysigingswetsontwerp op Landbouproduk-standaarde [B15B-2021] (Wysigingswetsontwerp), te lewer.**

Die Wet op Landbouproduk-standaarde, 1990 (die Hoofwet) het in 1991 in werking getree om voorsiening te maak vir die beheer van die verkoop, uitvoer en invoer van sekere landbouprodukte en die beheer oor ander verwante produkte. Die Wysigingswetsontwerp poog:

- om die Hoofwet te wysig om sodoende omskrywings by te voeg en ander te vervang;
- om voorsiening te maak vir 'n produk vir bestuursbeheerstelsels;
- om voorsiening te maak vir die stel van tariewe deur gevolmagtigdes op 'n kosteverhalingsbasis;
- om verder voorsiening te maak vir die Minister om regulasies aangaande oudit en bestuursbeheerstelsel te maak;
- en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

**Alle belanghebbendes (individue en organisasies) wat in dié wetgewing belangstel word genooi om insae te lewer deur enige van die volgende opsies te gebruik:**

1. **Woon op Vrydag, 25 Augustus 2023 om 10:00 'n openbare verhoor by die Vereeniging Stadsaal, h.v. Lesliestraat en Beaconfieldlaan, Vereeniging, by.**
2. **Kyk regstreeks op 25 Augustus 2023 vanaf 10:00. op die Gautengse Provinsiale Wetgewer se YouTube- en Facebookblaaie.**
3. **Rig 'n geskrewe betoog aan Me. Lebogang Mampe (komiteekoördineerder) by lmampe@gpl.gov.za of Mnr. Ben Dhlomo (openbare deelnamebeampte) by bdlomo@gpl.gov.za. Die sluitingsdatum vir alle geskrewe betoë is 15 September 2023.**

**'n Werkswinkel sal voor die verhoor op Dinsdag, 22 Augustus 2023 vanaf 10:00 tot 14:00. by die Gautengse Provinsiale Wetgewer gehou word. Die werkswinkel is daarop gemik om die publiek, voor die beplande openbare verhore en betoë, oor die inhoud van die Wetsontwerp in te lig.**

**Besoek die GPW se webwerf by www.gpl.gov.za of kontak Me. Lebogang Mampe by 071 483 0221 of Mnr. Ben Dhlomo by 079 522 9131 vir meer inligting.**